PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

**KRIEKETBELEID**

1. <u>INDELING VAN SPANNE EN AFRIGTERS</u>

1.1 Die indeling van spanne en afrigters word elke jaar deur die kriekethoof gedoen.

1.2 Die volgende aspekte word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter.
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep.
- Entoesiasme.
- Afwisseling vir potensiële groei.

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas word.

1.3 Alle afrigters moet oor 'n geldige afrigtingskursus/akkreditasie beskik.

2. <u>STUDENTE EN HULPAFRIGTERS</u>

2.1 Daar mag van buite-afrigters (ouers, studente, kundiges) gebruik gemaak word.

2.2 Die sportbeleid bepaal dat ouers wel mag help met afrigting, maar nie by A- en B-spanne waarby hulle eie kinders betrokke is nie. Ouers mag wel help by C- en D-spanne.

2.3 Studente-afrigters moet tydens wedstryde beskikbaar wees.

2.4 'n Geskrewe kontrak moet aan die begin van elke seisoen met die student ooreengekom en onderteken word.

2.4.1 Die kontrakte word geliaseer by mnr. Kevin Basson.

3. <u>PROEWE</u>

3.1 Skoolproewe word aan die begin van die eerste kwartaal gehou vir die o/9, o/11, en o/13 ouderdomsgroepe.

3.2 Dit is uiters belangrik dat die afrigters van die A- en B-spanne deurlopend met mekaar deeglik kommunikeer aangaande spelers wat moontlike vordering of prestasie toon, om sodoende vir 'n A-span oorweeg of ingesluit te word.

3.3 Die jaargroepe waarin leerders deelneem is as volg:

6 en 7 jaar is o/7
8 en 9 jaar is o/9
10 en 11 jaar is o/11
12 en 13 jaar is o/13

3.4 Afrigters moet verseker dat daar nie 'n speler in 'n span is wat te oud is nie.

3.5 Vir die kies van toerspanne of toernooie word slegs spelers in o/11A- en o/13A-spanne oorweeg.

3.6 Vir die kies van ligaspanne word alle spelers in die o/9, o/11 en o/13 ouderdomsgroepe oorweeg.

3.7 Die afrigter stel soveel moontlike spanne saam en nooi die spelers om deel te neem.

3.8 Na die eerste rondte proewe word die A-span so gou moontlik gekies.

3.9 'n Tweede rondte proewe word gehou om die oorblywende spelers te kategoriseer in B- en C-spanne.

3.10 Geen o/14 leerder mag vir die skool se spanne gekies word nie. Hulle word aangemoedig om by die hoërskool van hulle keuse in te skakel.

4. SPANVERKIESING

4.1 Die eerste paar wedstryde dien steeds as proewe in ons strewe om die beste span te kies.

4.2 Indien 'n speler se vaardighede nie pas by die spelpatroon nie, mag die afrigter die speler met 'n ander speler van dieselfde ouderdomsgroep uitruil.

4.2.1 Hierdie kan deurlopend gedoen word en afrigters moet dus gereeld met mekaar kommunikeer.

4.3 Goeie spelers mag nie teruggehou word en van die voorreg ontneem word om op 'n hoër vlak te speel nie.

4.4 A- en B-spanne kies hul sterkste spelers vir die span. C-spanne moet ekstra spelers akkommodeer deur spelers op ‘n rotasie basis uit te ruil vir wedstryde.

4.5 Indien daar genoeg spelers is om ‘n D-span vol te maak, moet daar probeer word om vir dié leerders ook wedstryde te reël.

5. AFWESIGHEDE

5.1 Indien ‘n speler afwesig is, mag die afrigter die beste speler in die betrokke posisie van die laer span kies. Dit moet vroegtydig met die betrokke span se afrigter gekommunikeer word.

5.2 ‘n 12de man kan gekies word om kort kennisgewing/veranderinge en afwesighede hok te slaan.

6. OEFENINGE

6.1 Oefeninge word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaalikse buitemuurse rooster aangedui.

6.2 Krieket moet voorkeur geniet by leerders wat gedurende die eerste en/of vierde kwartaal betrokke is by tennis, rugby, hokkie en skaak.

7. OEFENTYE

7.1 Gedurende die krieketseisoen word daar op Maandae, Woensdae en Donderdae geoefen soos op die Buitemuurse Rooster aangedui.

7.2 Ligawedstryde vind op die volgende dae plaas:

- Maandae: o/9’s
- Dinsdae: o/11’s
- Donderdae: o/13’s.

7.3 Afrigters moet hou by die oefentye soos aan hulle deurgegee.

8. TJOKKIE KRIEKETAKADEMIE

8.1 Die Tjokkie Krieketakademie se tye mag geensins bots of inmeng met die skool se buitemuurse program nie. Dit geld vir die hele kalenderjaar.

8.2 Die akademie is slegs vir Tjokkiespelers.

9. BELANGRIKE PUNTE VIR AFRIGTERS

9.1 Wees altyd betyds by die oefeninge.

9.2 Wees voorbereid vir elke oefening/wedstryd en gebruik moderne apparaat en toerusting waar moontlik. Benut die skool se toerusting!

9.3 Goeie dissipline moet gedurende die oefening/wedstryd heers.

9.4 Gemaklike oefenklere moet deur die afrigter en spelers gedra word.

9.5 Indien ‘n afrigter weens omstandighede nie die dag ‘n oefening kan bywoon nie, kan die oefening gekanselleer word, mits dit die vorige dag aan die spelers en ouers deurgegee word.

9.5.1 Slegs in noodgevalle soos reën en siekte kan oefening op dieselfde dag gekanselleer word.

9.5.2 Seuns moet die geleentheid gegee word om ouers te kan skakel indien die kansellasie hulle en die ouers se reëlings raak.

9.5.3 Lig die kantoor, asook die oefengroep, in rondom enige veranderinge t.o.v. reëlings.

9.6 Buite-afrigters wat nie by die oefening kan wees nie, moet betyds by die kriekethoof en Direkteur van Sport verskoning maak sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

9.7 Indien ‘n afrigter nie ‘n wedstryd weens omstandighede kan bywoon nie, moet ‘n kollega u span namens u hanteer. Ongelukkig geen ouers nie. Die kriekethoof is verantwoordelik vir hierdie reëling.

9.8 Na afloop van elke oefening/wedstryd is die afrigter en spelers verantwoordelik vir die netheid van die veld/krieketnette.

9.8.1 Sorg dat alle toerusting op die korrekte plek gebêre word.

9.8.2 Sluit alle store.

9.8.3 Alle papiere, bottels en klerasie moet verwyder word.

10. <u>TOERE EN KLERASIE</u>

10.1 o/11A en o/13A spanne neem normaalweg aan toere of toernooie deel.

10.2 Toere moet goedgekeer word deur die sportkomitee aan die begin van 'n seisoen.

10.3 Klerasie vir die toergroepe moet in oorleg met die klerebeleid wees.

(Let op na riglyne van seniorspanne.)

11. <u>ANDER PLIGTE</u>

11.1 'n Werksverdeling met sekere verantwoordelikhede word jaarliks opgestel.

11.2 Afrigters word op 'n rotasiebasis gebruik en moet toesien dat hul hierdie pligte stiptelik uitvoer.

11.3 Tydens wegwedstryde word daar van afrigters verwag om bussies te bestuur.

11.3.1 'n Publieke bestuurderslisensie is 'n vereiste.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**

____________________

Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam